Christelike Biblioteek

# Hy doop met die Gees!

***Johannes het wel met water gedoop,***
***maar julle sal met die Gees gedoop word…***

Handelinge1:5

## Méér as Johannes

Die opvallendste belofte van Johannes die Doper was dat daar iemand na hom sou kom wat doop met die Heilige Gees. Johannes kon doop met water. Die Een wat ná hom kom beskik oor veel meer. Die Een wat ná hom kom het kennelik seggenskap in die hemel. Hy kan vanuit die hemel doop - met die Gees en met vuur. Net voor Jesus finaal in heerlikheid in die hemel opgeneem word, verseker Hy nog sy dissipels dat hulle kort daarna met die Heilige Gees gedoop word. Jesus is die Een wat gaan doop. Met meer as wat Johannes kon doop.

## Vrae

Die "doop met die Heilige Gees" is 'n baie gewilde tema in sommige kerke. En dikwels word dit dan verbind met die spreek in tale. Volgens sommige is dit een van dié tekens dat jy met die Gees gedoop is. Is dit so dat die doop met die Heilige Gees die hoogtepunt is van Christenwees - die derde stap in 'n proses van verlossing – bekering, heiliging, doop met die Gees? Sommige sien die doop met die Heilige Gees as noodsaaklike *ervaring* om waaragtig en voluit kind van God te wees - 'n ervaring wat volg op geloof.

## Een wat gróter is as Johannes

Kom ons kyk na die beeld wat ons uit die Skrif kry. Dit gaan in die Skrif nie oor 'n gebeurtenis in iemand se persoonlike lewe wat volg op iets anders in jou lewe nie. In die Skrif gaan dit oor die opvolging van Een wat groter is as een wat voor Hom was. Die vergelyking is tussen Johannes die Doper en die Een ná hom: Jesus. Johannes bring nie die hoogtepunt van God se verlossingswerk nie. Dit is vir een groter as hy beskore. Die Messias is die hoogtepunt ….Jesus! Jesus vervul al God se beloftes – beloftes van seën en oordeel. Jesus bring die hoogtpunt van die lewe met God, maar ook die grootste verwydering deur die vuur van oordeel. Die Gees van God is geen nuwe figuur op die toneel nie. Wel die Een wat die Gees gee. Dit is Een wat as mens in die strate van Palestina rondgeloop het en deur God in die hemel opgeneem is. Hy stort nou die Gees uit oor mense. Van Hom moet ons alles verwag…selfs die Gees van God!

## Die Gees en die herstel van die koninkryk

Tussen Paasfees en Hemelvaart is daar 40 dae. Tussen Jesus se opstanding uit die dood en sy finale opname in die hemel, verloop daar 'n tyd waarin Jesus gereeld aan sy dissipels verskyn het. Waaroor sou hulle alles gepraat het? Lukas los ons nie in onsekerheid nie. Hulle het *gepraat oor die dinge van die koninkryk van God*. In die Bybel is die koninkryk van God onlosmaaklik verbind aan die volk Israel. Uit hulle kom die Messias wat op die troon van Dawid sal regeer, nie net oor Israel nie, maar oor die hele wêreld.

Israel was egter in 'n hopelose toestand. Die profete het soos in een koor pragtige beloftes gemaak van die herstel van die nageslag van Abraham. Daar sal 'n terugkeer wees na die Here. Dooie beendere sal herleef. 'n Profeet in die gees van Elia sou die volk voorberei vir die koms van die Here. Jerusalem en die tempel van die Here sou herbou word. Die meerderheid van die Jode wat nog in verstrooiing was, sal terugkeer na die Here. Israel sal herstel word as 'n lig vir die nasies.

Die Messias sal vir ewig regeer. Oor al hierdie dinge praat die dissipels vir 40 dae met Jesus na sy opstanding uit die dood.

Hierdie koninkryk is nie mensewerk nie. Dit is 'n bouwerk van die Here self. Hiervoor het Hy self twaalf apostels uitgekies. Twaalf verteenwoordigers van die twaalf stamme van Israel. Deur die Heilige Gees gee Hy vir hulle bevele. Hulle sal sy uitgestuurdes wees. Boodskappers van die koninkryk. Voor sy hemelvaart verskyn Hy aan hulle met baie kentekens. Nadat Hy gely het, vertoon Hy homself nou as die lewende. Die een wat nie deur die dood vasgehou kon word nie.

Blykbaar het dit alles te doen met die Koninkryk van God. Die band tussen die koninkryk en die lyding van Jesus moet ingeskerp word by die dissipels. Net soos die twee wegloopdissipels na Emmaus moes hoor dat die lyding van die Here volgens die Skrifte was – dit móés alles só gaan! Die vestiging van die koninkryk van God staan nie los van Jesus se lyding nie. Die "dinge van die koninkryk van God" waaroor hulle gepraat het, was nou juis die noodsaak van alles wat met die Here Jesus gebeur het.

## Die belofte van die Vader

Die dissipels se taak in die herstel van die koninkryk is eenvoudig. Moenie weggaan van Jerusalem nie. Die koningskap van die Here sal vanuit Jerusalem oor al die volke uitsprei. Alles moet begin by die stad van Dawid. Uit Israel kom die verlossing! Dit was tog die belofte van die Vader? (vs. 4b). In Jerusalem moet hulle gaan wag vir die volgende stap van die Verlosser. Hy gaan kom doen wat Johannes die Doper nie kon doen nie. Die Messias beskik oor die hemel. Uit die hemel stuur Hy na sy hemelvaart sy Heilige Gees. Hy doop met die Gees. Die Gees se koms uit die hemel is die volgende manier waarop Hy wat op die troon van Dawid sit, die koms van God se koninkryk bewerk. Daaroor sal die res van die boek Handelinge gaan…

## Here, gaan U in hierdie tyd...?"

Uit die profete was dit duidelik: deur die koms van die Gees van die Here begin die herstel van Israel se koninkryk. Dink maar aan Jesaja, Esegiël, Joël, ens. Geen wonder nie dat die dissipels vra: *"Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"* Die koninkryk is duidelik nie vrug van mense se politieke ideale nie. Die koninkryk is 'n geskenk van God. *Hý* rig die koninkryk op! Die koninkryk het naby gekom toe die koning tussen mense kom woon het. Die tekens was reeds duidelik – blindes sien, kreupeles loop, melaatses is gesond gemaak, dooies het opgestaan uit die dood.

*Wanneer* hierdie koninkryk opgerig word, is nie die belangrike vir die dissipels om te weet nie. Belangrik is dat die apostels hulle plek en taak daarin sal sien. In die plek van nuuskierigheid oor die "wanneer" van die koninkryk, moet die krag van die Gees kom! Wat hulle nodig het, is nie nuuskierigheid nie, maar krag van die Gees van God. En dit gee Jesus wanneer Hy hulle doop met sy Gees uit die hemel. Dit is deur die krag van hierdie Gees van God, dat die koninkryk sal kom. Die apostels sal daarvan bloot getuies moet wees. 'n Heel beskeie plek vir die apostels en gemeente van Jerusalem in die koninkryk! Getuies. Hulle moet bloot getuig van God wat koning wil wees oor mense deur Jesus wat gely het, opgestaan het en nou aan sy regterhand in die hemel is.

## Getuies van Jesus

'n Getuie vertel nie van homself nie. Hy vertel wat hy gesien het. 'n Getuie staan in vir die waarheid teenoor aanklaers. Die apostels was ooggetuies van alles wat met Jesus gebeur het. Hulle kan getuig van die waarheid! Vir hierdie werk, kom die Gees nou baie spesifiek. Die Gees sal oor die apostels kom en hulle krag gee vir hulle taak as getuies. Dit is 'n groot taak. Hulle sal moet getuig in Jerusalem, daar waar Jesus onskuldig veroordeel is en hulle self in vrees gevlug het. In Judea, onder hulle volksgenote. In Samaria – hulle broedervolk sal opgesoek moet word. En tot aan die einde van die wêreld… voor regbanke, voor vyandige volksgenote, voor konings en keisers.

Onmiddellik daarna is Jesus voor hulle oë - (hulle moet immers getuies wees!) – opgeneem in die hemel in 'n wolk van goddelike heerlikheid. Die hemel neem Jesus op – Hy vertrek nie in eie krag

op ’n hemelse ruimtereis nie. Die hemel ontvang Hom as koning. Getuies uit die hemel, twee engele kom getuig daarvan. Hulle verseker dat hierdie selfde Jesus in dieselfde wolk van heerlikheid sal terugkom. Tot dan sal getuig moet word van die koning. Ook die aarde moet Hom ontvang as koning – dit sal gebeur deur die krag van die Gees wat werk deur die getuienis van die apostels. Saam met die apostels was daar ook nog van Jesus se familielede en ’n klomp vroue. Só kom die koninkryk. ’n Groep mans en vroue wat saam bid en smeek tot die Here: *“Laat U koninkryk kom!”*

## Om die twaalf stamme van Israel te regeer

Die groep mense wat so saam volhard het in gebed en smeking was ’n totaal van 120 mense. Dit is geen toevallige getal nie. Die Gees wil die voorbereidingswerk doen vir die herbou van Israel. Daarvoor was twaalf apostels gekies. By die laaste nagmaal het Jesus aan die apostels beloof : *“Ek beskik vir julle ’n koninkryk soos my Vader dit vir my beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel”* (Lukas 22:29-30). Hier waar die getuies van Jesus Christus optree, begin die herstel van die koninkryk van Israel. Die twaalf getuies is die fondament van die herstelwerk. Saam met hulle is daar 120. Twaalf maal tien.

Die getal is werklik nie sommer net toevallig nie. Só ernstig is dit dat die getal twaalf weer vol gemaak moet word voor die Gees hulle met krag kom vul. Judas se droewige verhaal word vertel om te laat sien hoe belangrik dit is dat die getal van 12 herstel sal word. Só belangrik is dit, dat selfs die Here God self as getuie daarvan ingeroep word. Hy het immers deur die mond van Dawid getuig van die plaasvervanger wat die amp sal moet opneem. So het ’n huis gereed geword vir die Gees om sy intrek te kom maak.

Op aangrypende manier word die nagmaal verbind aan hierdie koninkryk. Daar waar in die Naam van Christus regeer word deur die evangelie, word saam met Christus aan sy koninkrykstafel geëet en gedrink. Daarvoor is nodig om die goddelike stempel afgedruk te kry op hierdie werk. Die twaalf moet met die Gees gedoop word. Waar die Gees van God werk, dáár werk God. Waar die Gees nie is nie, is die koninkryk nie teenwoordig nie. Die doop met die Gees is die waarmerk van ’n Goddelike werk!

E Viljoen

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za